

## **Die uiteenlopende faktore wat 'n invloed op die kankerpatiënt het, is net so ingewikkeld soos die siekte self ... doen ons genoeg op om die gaping kleiner te maak?**

**Vikash Sewram\***

Met die viering van Wêreldkankerdag op Vrydag, 4 Februarie, is ons weer herinner aan die naakte werklikhede en die moeilike pad wat kankerpatiënte, hul gesinne, vriende en geliefdes dikwels moet stap om die hoop te vind waarvan ons so dikwels praat wanneer ons met 'n kanker-diagnose gekonfronteer word.

Vanjaar is die eerste jaar van 'n nuwe drie jaar lange veldtog getiteld "Close the Care Gap" wat deur die Unie vir Internasionale Kankerbeheer (UICC) bekendgestel is om verandering te weeg te bring en aksie te mobiliseer. Ons dink in hierdie tyd na oor en gee erkenning daaraan dat die voortgesette stryd teen kanker nie 'n enkele poging is nie, maar dat 'n verenigde reaksie noodsaaklik is om oorwinning te verseker. Ons moet aanhou om ons vennootskappe te versterk en ons pogings konsolideer met die voortgesette begrip dat elke enkele individu verandering kan aanvuur en 'n verskil kan maak om om die wêreldwye impak van kanker te verminder.

### **Kanker – 'n wêreldwye openbare gesondheidslas**

Kanker het steeds 'n uitwerking as 'n belangrike openbare gesondheidsprobleem wêreldwyd en is steeds 'n ontsaglike teenstander. Een uit elke vyf mans en een uit elke ses vroue wêreldwyd ontwikkel kanker in hulle leeftyd en een uit elke agt mans en een uit elke 11 vroue sterf weens die siekte. Tensy meer moeite gedoen gaan word om die verloop van die siekte te verander, sal hierdie syfer tot amper 30 miljoen gevalle teen 2040 styg. Met Suid-Afrika se groeiende en verouderende bevolking van nagenoeg 60 miljoen, gaan die aantal gevalle na verwagting teen 2040 verdubbel. Kanker is steeds die vyfde grootste oorsaak van sterftes in Suid-Afrika en die jongste inligting van die Nasionale Kankerregister toon dat daar in 2019 net meer as 85 000 gevalle gediagnoseer is. Kanker in die bors, serviks en prostaat oorheers steeds met die res van Afrika wat 'n soortgelyke profiel toon.

In ons pogings om die kankerlas te verlig, het die Afrika Kankerinstituut by die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch 'n sleutelspeler in die wêreldwye stryd teen kanker geword deur sy verbintenis tot navorsingsuitnemendheid, toegewyde en geïnspireerde fakulteit en kragtige vennootskappe met wêreldbekende navorsings- en opleidingsinstellings, asook voorspraak en ondersteuningsgroepe. Hierdie vennootskappe het verseker dat die beste kundiges saamwerk om hoop aan kankerpatiënte en hul gesinne wêreldwyd te bring.

Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

**\*Prof Vikash Sewram is die direkteur van die Afrika Kankerinstituut in die departement Globale Gesondheid by die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch.**